# Aansoekgids

Voordat jy met die aansoekproses begin, moet jy eers aanmeld of registreer. Jy kan jou vordering deurgaans stoor en jou antwoorde hersien voordat hulle ingedien word. Om jou te help, is ’n PDF-weergawe van die vrae beskikbaar vir aflaai.

## Basiese kriteria vir insluiting

### Die soort tydskrif wat mag aansoek doen

Ooptoegang-vaktydskrifte in enige taal mag aansoek doen. Tydskrifte moet gehoor gee aan die beginsels vir deursigtigheid en beste praktyke in akademiese publikasies.

- Die tydskrif moet aktief akademiese navorsing publiseer, met inbegrip van die volgende vereistes:
    - Enige vakgebied
    - Minstens vyf artikels per jaar
    - Primêre teikengehoor is navorsers of praktisyns.

- Nuwe tydskrifte
    - Alvorens daar by die DOAJ aansoek gedoen word, moet ’n nuwe of hernoemde tydskrif bewys lewer van ’n publikasiegeskiedenis van meer as een jaar of minstens tien ooptoegang-navorsingsartikels.

---

### Die soort oop toegang

- DOAJ aanvaar slegs ooptoegangtydskrifte.
- Ons definieer dit as tydskrifte waar die kopiereghouer van ’n akademiese werk gebruiksregte aan ander toestaan deur die gebruik van ’n oopbronlisensie (Creative Commons of ekwivalent). Dit maak voorsiening vir onmiddellike, gratis toegang tot die werk en gee enige gebruiker toestemming om die werk te lees, af te laai, te kopieer, versprei, druk of deursoek, of om skakels na die volteksweergawe van artikels te verskaf, artikels te ontleed vir indeksering, dit as data na sagteware deur te voer, of vir enige ander wettige doel te gebruik.

- Die tydskrif moet ’n verklaring oor oop toegang vertoon wat aandui dat dit aan die DOAJ se definisie van oop toegang voldoen.
- Die volteksweergawe van alle inhoud moet toeganklik en gratis wees sonder vertraging.
  - Geen embargotydperk nie
  - Geen vereiste dat gebruikers moet registreer om inhoud te kan lees nie
  - Kosteverhaling vir gedrukte weergawes van ’n tydskrif word wel toegelaat.

---

## Tydskrif se webtuiste

- Die tydskrif moet ’n eie webadres en tuisblad hê wat van enige plek af toeganklik is.
- Elke artikel moet as ’n individuele volteksweergawe beskikbaar wees.
  - Een unieke webskakel per artikel
  - Teks minstens in HTML- of PDF-formaat
- Tydskrifte wat opdringerige advertensies insluit, sal nie aanvaar word nie. Kyk na die bestepraktyk-aanbevelings hieroor.
- DOAJ keur nie die gebruik van Impakfaktore of graderingsmaatstawwe goed nie. Tydskrifte mag egter die Impakfaktor soos bereken deur Clarivate, en maatstawwe vanaf Scopus, insluit. Tydskrifte mag nie enige verwysing (grafika, skakels, logo’s) na Impakfaktore of graderingsmaatstawwe vanaf enige ander diens vertoon nie.
- Die webblad hoef nie in Engels te wees nie. As dit in meerdere tale beskikbaar is, moet die inligting wat verskaf word in alle tale dieselfde wees.

Die volgende inligting moet aanlyn beskikbaar en maklik verkrygbaar wees vanaf die tydskrif se tuisblad:

- Ooptoegangbeleid
- Doelwitte en bestek
- Redaksieraad (insluitend institusionele affiliasie van elke lid)
- Instruksies aan outeurs
- Redaksionele proses (portuurbeoordeling)
- Lisensiebepalings

- Kopieregbepalings
- Outeurskoste
    - As die tydskrif nie outeursgelde hef nie, moet dit eksplisiet genoem word.
    - Alle fooie wat gehef word, moet ingesluit word, vanaf indiening tot en met publikasie, insluitend:
        - indieningsfooie
        - redaksionele verwerkingskoste
        - artikelverwerkingskoste
        - bladgeld
        - kleurkoste
    - Enige vrystelling van koste moet tesame met die voorwaardes daarvan gespesifiseer word, bv. bedrag en tydperk.
    - As daar fooie is vir die onttrekking van ’n artikel na indiening, kan dit nie die outeursfooie oorskry nie.
- Kontakbesonderhede
    - Sluit die naam van ’n kontakpersoon en die tydskrif se unieke e-posadres in.
    - Die land in die aansoek en op die tydskrif se webblad moet dieselfde land wees waar die uitgewer geregistreer is en werksaam is.

---

## ISSN

- ’n Tydskrif moet minstens een ISSN (International Standard Serial Number) hê wat geregistreer en bevestig is by issn.org.
- Die ISSN/ISSN’s moet op die webblad gewys word.
- Die tydskrif se naam in die aansoek en op die webblad moet dieselfde wees as wat wys by issn.org.

---

## Gehaltebeheerproses

- ’n Tydskrif moet ’n redakteur en ’n redaksieraad hê.
    - Die redaksieraad moet op die webblad gelys word.
    - Die naam en affiliasie van elke redakteur en redaksieraadslid moet ingesluit word.

    - Tydskrifte wat 'n lys keurders publiseer, moet hulle name en affiliasies insluit.
    - Die redaksieraad van die tydskrif moet bestaan uit minstens vyf lede met geskikte kwalifikasies en kundigheid. Dit word aanbeveel dat die redaksieraadslede nie almal aan dieselfde instelling verbonde is nie.
- Alle artikels moet 'n gehaltebeheerproses (portuurbeoordeling) ondergaan voor publikasie.
    - Die tipe en besonderhede van die portuurbeoordelingsproses moet duidelik uiteengesit word op die webblad, insluitend die proses vir spesiale uitgawes, indien van toepassing.
    - Minstens twee onafhanklike keurders moet elke artikel keur.
- Die gebruik van 'n plagiaatnaspeuringstelsel word sterk aanbeveel, maar is nie verpligtend vir insluiting in die DOAJ nie.
- Endogenie moet beperk word.
    - Die proporsie van gepubliseerde navorsingsartikels waarvan minstens een van die outeurs 'n redakteur, keurder of redaksieraadslid is, mag nie 25% oorskry in enige van die mees onlangse twee uitgawes nie.
    - Waar inhoud nie in uitgawes verdeel word nie, byvoorbeeld in 'n model waar deurlopend gepubliseer word, mag endogenie nie 25% in die voorafgaande kalenderjaar oorskry nie (minstens 5 artikels per jaar).

---

## Spesiale uitgawe

Tydskrifte wat spesiale uitgawes of ander inhoud publiseer wat deur gasredakteurs saamgestel word, moet aan hierdie bykomende kriteria voldoen:

- Die hoofredakteur moet aanspreeklikheid aanvaar vir die volle inhoud van die tydskrif, insluitend alle spesiale uitgawes wat binne die bestek van die tydskrif moet val.
- Artikels in spesiale uitgawes moet aan dieselfde redaksionele oorsigproses as gewone artikels onderwerp word, insluitend eksterne portuurbeoordeling, en duidelik gemerk word.

- Tydskrifte moet verseker dat die gasredakteurs se bevoegdheid nagegaan en goedgekeur word.
- Die hoofredakteur of spesifieke redaksieraadslede moet oor die gasredakteurs se werksaamhede toesig hou.
- Artikels vir die spesiale uitgawe wat deur die gasredakteur(s) ingedien word, moet in ’n onafhanklike keuringsproses hanteer word en mag nie meer as 25% van die uitgawe in beslag neem nie.

---

## Lisensiëring

- Die lisensiebepalings vir die gebruik en hergebruik van die gepubliseerde inhoud moet duidelik op die webblad gestel word.
- DOAJ beveel aan dat Creative Commons-lisensiëring hiervoor gebruik word.
- As Creative Commons-lisensiëring nie gebruik word nie, moet soortgelyke bepalings en voorwaardes geld.
    - Ekstra sorg moet geneem word om hierdie bepalings duidelik te stipuleer.
- Dit word aanbeveel dat lisensie-inligting by volteksartikels ingebed of daarop vertoon word, maar dit is nie ’n vereiste vir insluiting in DOAJ nie.
- Meer inligting oor lisensiëring

---

## Kopiereg

- Die kopieregbepalings vir gepubliseerde inhoud moet duidelik gestel word en afsonderlik wees van die bepalings op die webblad.
- Kopieregbepalings moet nie die lisensiebepalings of die bepalings van die ooptoegangbeleid weerspreek nie.
    - “Alle regte voorbedhou” is nooit aanvaarbaar by ooptoeganginhoud nie.
- Meer inligting oor kopiereg

---

# Bykomende kriteria vir sekere soorte tydskrif

- Tydskrifte in die kunste en geesteswetenskappe
    - In hierdie dissiplines (slegs bladsye 10-16), kan DOAJ tydskrifte aanvaar wat slegs redaksionele keuring onderneem eerder as portuurbeoordeling. Hierdie keuring moet deur ’n minimum van twee redakteurs hanteer word.
- Tydskrifte met kliniese verslae
    - DOAJ sien ’n gevalverslag slegs as navorsing indien dit die retrospektiewe analise van drie of meer kliniese gevalle of ’n literatuuroorsig insluit. Die tydskrif moet minstens vyf artikels per jaar publiseer wat aan hierdie definisie voldoen.
- Tydskrifte met kongresverhandelinge
    - Vir DOAJ om tydskrifte in te sluit wat kongresverhandelinge publiseer, moet die tydskrif ’n ISSN en ’n permanente redaksie- of adviesraad hê wat redaksionele oorsig handhaaf. Referate van elke gepubliseerde kongres moet portuurbeoordeling ondergaan in ooreenstemming met DOAJ-kriteria. Die volteksweergawe van alle referate moet beskikbaar wees. Individuele kongresverrigtinge sal nie geïndekseer word nie.
- Datatydskrifte
    - DOAJ aanvaar tydskrifte wat navorsingsartikels oor data of datastelle publiseer, maar nie tydskrifte wat bloot skakels na datastelle gee of die beskikbaarheid daarvan aankondig nie.
- Oorleggertydskrifte
    - DOAJ aanvaar tydskrifte wat artikels kies en portuurbeoordeel wat op ’n voordruk-bediener of ander webblad verskyn.
- Studentetydskrifte
    - As ’n studentegroepering ’n tydskrif bedryf, moet daar ’n adviesraad wees waarvan minstens twee lede oor ’n PhD of ekwivalente kwalifikasie beskik.
- Omgeskakelde tydskrifte
    - Waar ’n tydskrif voorheen as ’n intekening- of hibriede tydskrif gepubliseer is en nou na volle oop toegang omgeskakel het, moet die volgende inligting duidelik getoon word:

        - Die datum waarop omgeskakel is na volle oop toegang
        - Die beskikbaarheid van die argiefmateriaal (oop toegang, gratis of agter ’n betaalmuur)
        - Hergebruiksregte van die argiefmateriaal (alle regte voorbehou of oop lisensie)
    - Alle inhoud wat na die omskakelingsdatum gepubliseer word, moet volledig ooptoegang wees.
    - DOAJ sal omgeskakelde tydskrifte vir insluiting oorweeg nadat hulle minstens tien navorsingsartikels as ’n tydskryf met volledige oop toegang gepubliseer het.
- Spieëlbeeldtydskrifte
    - ’n Spieëlbeeldtydskrif is ’n volledige ooptoegangweergawe van ’n bestaande intekeningtydskrif, met dieselfde doelwitte en omvang, portuurbeoordelingsprosesse en beleide, en ’n redaksieraad met minstens 50% van dieselfde lede. Die tydskrif mag dieselfde naam as die intekeningweergawe hê, maar dit moet ’n eie ISSN hê. DOAJ aanvaar tans spieëlbeeldtydskrifte as hulle aan die basiese kriteria vir insluiting voldoen.
- Boekresensietydskrifte
    - Tydskrifte wat slegs uit boekresensies bestaan, sal nie aanvaar word nie.

---

## Die aansoekproses

1. Jou aansoek is suksesvol ingedien wanneer jy die *Thank* You-skerm sien en ’n bevestigende e-pos ontvang.
    - As jy nie die e-pos ontvang nie, kontak ons.
2. ’n Redakteur sal jou aansoek nagaan. Jy sal moontlik ’n e-pos ontvang wanneer hierdie proses ’n aanvang neem.
3. Die redakteur kan jou moontlik kontak tydens die hersieningsproses. Beantwoord asseblief enige vrae wat hulle aan jou rig. Dit help ons om jou aansoek korrek te verwerk. Let daarop dat ons ’n aansoek sal afkeur as ons na ’n maand nog nie antwoorde op ons vrae ontvang het nie.
4. Die redakteur wat jou aansoek nagaan, is moontlik ’n vrywilliger en sal nie noodwendig ’n e-posadres met doaj.org

hê nie. Kyk gereeld in jou strooiposvouer ingeval die e-pos dalk daar beland het.
5. Indien jou aansoek aanvaar word, sal jy ’n e-pos ontvang om dit te bevestig.

### Tyd vanaf indiening tot besluit

Die tyd van indiening tot besluit wissel baie en hang af van hoe vinnig die tydskrifkontakpersoon en/of aansoeker reageer. Tipies word ’n besluit binne drie maande geneem. Ons kan nie ’n statusverslag gee oor aansoeke wat minder as drie maande oud is nie.

---

## As jou aansoek afgekeur word

Jy sal ’n e-pos ontvang wat die redes vir die afkeur van jou aansoek verskaf. Moenie binne ses maande hierna nog ’n aansoek vir dieselfde tydskrif indien nie.

Nuwe aansoeke mag net binne ses maande na die afkeuring ingedien word as aandag aan die volgende probleme geskenk is:

- Onbevestigde ISSN
- Webblad onbeskikbaar
- Onvoldoende inhoud gepubliseer

Waar ’n tydskrif weens ander redes afgekeur is, kan ’n nuwe aansoek na ses maande ingedien word.

Dit is jou verantwoordelikheid om akkurate inligting te verskaf wanneer jy ’n aansoek indien. Aansoeke wat onakkurate of verkeerde inligting bevat, of antwoorde kort, sal outomaties afgekeur word.

DOAJ aanvaar net tydskrifte wat goeie publikasiepraktyke volg. As ons ondersoek vind dat ’n uitgewer nie beste praktyke handhaaf nie, onwaar of misleidende inligting verskaf het, of hulle aan twyfelagtige publikasiepraktyke skuldig maak, sal DOAJ nie verdere aansoeke van daardie uitgewer toelaat vir ’n tydperk van tot drie jaar nie.

Tydskrifte of uitgewers wat veelvuldige uitsluitings met ’n totaal van ses jaar of meer gehad het, sal nie vir insluiting in DOAJ oorweeg word nie en hul aansoeke sal outomaties afgekeur word.

Tydskrifte wat reeds in DOAJ aanvaar is, kan verwyder word as daar bevind word dat hulle nie meer aan DOAJ-kriteria of beste praktyke vir publikasie voldoen nie.

Maak asseblief seker dat, indien jy na die uitsluitingstydperk weer aansoek doen, die tydskrif die DOAJ-kriteria vir insluiting volg en dat enige nodige wysigings aan die tydskrif se webblad of beleide aangebring is.

---

## Appèlle

Jy kan appelleer as jou tydskrif uit DOAJ verwyder of jou aansoek afgekeur is en geen nuwe aansoek vir minstens ’n jaar toegelaat word nie. E-pos die DOAJ-appèlkomitee.

Jou appèl moet die volgende inligting bevat:

- Tydskrif se titel
- Tydskrif se ISSN
- Rede vir appèl
- Bewyse vir die DOAJ-appèlkomitee om te oorweeg
- Die oorspronklike kennisgewing van afkeuring/verwydering

Appèlle word oorweeg deur die DOAJ-appèlkomitee, wat bestaan uit die Hoofredakteur en lede van die redaksiespan. Komiteevergaderings word maandeliks gehou. Na jou saak bespreek is, sal ’n lid van die komitee jou kontak met die resultaat van jou appèl. Dit sal nie dieselfde Besturende Redakteur wees wat oorspronklik jou geval hanteer het nie.

Geen verdere korrespondensie sal gevoer word nadat die appèl aangehoor is en die Komitee hul besluit geneem het nie.

Appèlle of klagtes wat DOAJ-redakteurs skaad, sal nie oorweeg word nie. Kyk na ons geenverdraagsaamheidbeleid. DOAJ hou die reg voor om uitgewers wat sulke gedrag openbaar, te straf.

[Afrikaanse vertaling deur Marius Swart.]